

Potloodmens

(Geskrif en gelewer deur Ds Christo van Heerden, jarelange vriend en predikant tydens Piet se dankdiens, 20 Maart 2009)

Fil 1:20-26

Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe. Omdat ek hiervan oortuig is, weet ek dat ek sal bly, ja, vir julle almal behoue sal bly, sodat julle kan toeneem in geloof, en blydschap in julle geloof kan hê. As ek weer by julle kom, sal julle oorvloedige rede hê om Christus Jesus oor my te prys.

Ek sit skryf met 'n potlood, want Pieta ons is potloodmense
ons is nie wit en swart mense nie,
nie dié wat hou van afgehandelde argumente,
wit en swart afgehandelde oordele en laaste woorde nie
self met die teologie leef ons makliker saam met skakerings van grys
party strepies wil ons baie ligter trek as ander
sommige het ons met huiwering ingevul,
want ons het nie seker geweet nie, wou nog weer kon verander daaraan
daar was altyd die donkerder strepe wat meer vas gelê het as ander
die grootste hiervan was die liefde
'n kerk of gemeente wat nie die liefde uitleef nie,
moet in elk geval maar in ligte potlood oor sy bestaan skryf
nie te ernstig oor homself en sy dogmas voel nie.
Daar was ander donker strepe in my en jou saamwees,
nagte se geworstel met die balans van liefde en reg
die gewig van die welwese van die kerk teenoor die welsyn van mense
potloodmens wat jy is, het ons altyd herinner dat ons nie so vinnig moet oordeel nie,
maar eers weer na nog 'n ander kant van die saak laat luister,
so kon jy met gemak aan weerskante van die argument stap
soms tot ons almal se hoogheilige verdriet,
want dit het ons vergaderings soms baie lank gemaak,
maar tyd was misterieus, want dit het nie net die besluit beter gemaak nie,
maar ook vir ons nader aan mekaar gebring.

Ek sou jou wou vra wanneer het die skakerings van grys, slegs in donker strepe verander
ek sou jou wou soebat om die potlood bietjie minder styf vas te hou
en die Goddelike kunstenaarhand toe te laat om bietjie ligter te teken
sommige van die strepe uit te vee, die teks bietjie meer digterlik te skryf
ek sou jou so graag op 'n afstand wou laat staan en laat sien
dat die donker strepe slegs 'n deel van die groter Godstekening van jou lewe is.
ek sou jou wou wys op die plesierige krulle van jou humor,
van hoe lekker jy oor jouself kon lag en stories ten koste van jouself vertel
ek sou jou wou wys op die reguitrige vergesigte van al die argumente, gedagtes en drome
ons sou ons kon verstom in die passievolle argumente van die brekende golwe tydens die hoogwater
en weer balans kry in die twak praat en die rus en die plotsende klein golfies van die laagwater
ek sou jou jouself wys daar langs die viswater en myself daar langs jou wou inteken,
- jou aardsheid het so floreer in die opwinding en verwerking van 'n stinkende vis -
ek sou groot glibberige visse saam met jou wou vang – soos die relevansie van Calvyn vir vandag, is geloof so 'n seker
saak, is geloof soos die dogmas dit verwoord en verhouding met God dieselfde ding, sou liefde nie 'n beter

beskrywing van ons verhouding met God wees as geloof nie. Ons het probeer om van hulle te vang, maar soos geslepe visse het hulle baie keer weggekrom, maar ons is potloodmense ons dink en skryf maar voorlopig, so ons teken hulle net so liggies, ons sou altyd weer kon probeer.

Ek sou jou graag wou wys die subtiele verandering wat met die jare in jou tekening verskyn het. Skakerings van grys het op subtiele wyse vir pastelfigure begin plek maak. Subtiel het liefde 'n nuwe sagtheid ingedra, jou familie en veral jou Alet, Pietman, Gerrit, Eduaan is nie kleur wat jy op kleurkaarte kry nie, lewe, dinamika, humor – wonder-skakerings. Mirakelagtig bly hulle ook nie op dieselfde plekke sit op daardie tekening nie. Baie keer sit hulle selfs nie waar jy sou verkies nie, die Goddelike misterie van die gesin. Jy sou egter oplet dat die meeste van die tyd hulle oë op jou gerig is, waar hulle ook al sit. Ek sou jou wou wys hoe die mense in en uit deur jou lewe beweeg, soms vaal en grys, met donker houtskool geteken en hoe hulle weer daar weg stap met 'n bietjie kleur vir hul eie tekeninge, 'n bietjie meer moed, en hul eie potlood om te begin skryf of teken.

Ek sou jou weer wou vra wanneer het die skakerings van grys slegs in donker strepe verander het, ek sou jou wou soebat om die potlood bietjie minder styf vas te hou en die Goddelike kunstenaarhand toe te laat om bietjie ligter te teken sommige van die strepe uit te vee, die teks bietjie meer digterlik te skryf ek sou jou hand in die Groot Kunstenaarshand wou sit en jou laat ervaar hoe Hy ons potloodmense se deurmekaargeskryf soms net uitvee, sy woorde oor die woorde skryf wie se houvas te groot raak, wat ons ons potloodkarakter laat verloor:
vasgeloopte woorde van donker vervang met opsieryke woorde van lig
teleurstelling met verwagting
wanhoop met hoop
mislukking met sukses
verraad met vertrou
dood met lewe
duik is nie dieselfde as sink nie en
om jou asem op te hou, is nie dieselfde as om op te hou asem haal nie.
daar is wel ooreenkomste, maar in God se hand is daar wesentlike lewensverskille.

As ons dan ook soms verkeerde goed kwytraak, weet die Groot Outeur ons praat of skryf soms voor ons dink. Ek dink daar is meer genade vir ons soort en vee Hy dit uit voor dit te veel skade doen.

As ons dalk te hard druk en die skade staan ingegraveer op die bladsy, skeur Hy dit uit en spyker dit aan die kruis van vergifnis vas, die kruis van veroordeling is reeds vol, daar is nie meer plek vir ons nie my ou vriend.

Ons potloodmense was nog altyd meer verknog aan wandelpaaie as treinspore;
die sweet, die onverwagse en onvoorspelbare, die swaarkry met sy sprinkelinkie humor,
dis die kwinkslag-speserye vir kampvuurfilosofieë. Die laatmiddagvrede langs die Visrivier Canyon kabbel speels oor die droë kluite van ons afgestompte bar bestaan. Jy en Alet het dit so vrygewig met ons ander stofverslane, bleeksiele gedeel. Hoe is dit dat ons nie eers 'n bekertjie water vir jou kon aanbied nie?

Hoe is dit dat jy nou vir die eerste keer van die wandelpad op die treinspoor gerangeer is, die onverwagte plesier en die geure van die lewe vir dieseldampe en roet verruil het? Hoe het dit gebeur dat die oop naghemel met al sy sterre en misterie minder aantreklik as die donker tunnel met sy onafwendbare uitkoms was? Hoe verruil 'n potloodmens sy potlood vir 'n pen om die finale paragraaf onafwendbaar en onveranderlik te skryf? Was die stryd so groot en so intens, het dit jou so verdoof dat geen stem meer kon deurdring nie?

Nou is my potlood opgeskryf en as jy die pen kon opneem, laat ek dit ook nou opneem en wat ek nou sê, kan maar onuitwisbaar staan. Ek was eers baie vies dat jy my 50 ste verjaardag gekies het. Vandag glo ek dat jy nie meer regtig

die keuse self gemaak het nie. Die aand op Stellenbosch het ek en my broer en my pa oor jou gesels op daardie aand het ek werklik besef hoeveel jy my oor die jare gegee het:

Jy was lojaal teenoor ander
sonder om jou aan hul opinies te verbind;
omdat jy getrou teenoor jouself was
al het dit jou by jou eie vriende ongewild gemaak
het ek en ander jou vertrou;
jy kon afkeer en passie vashou
saam met liefde en die hoop
so kwaad soos jy was oor kerk se voetesleep oor Belhar
het jy jouself steeds voluit vir die kerk gegee;
terwyl jy so deur jou eie donker gestruikel het,
wou jy weet of daar nie iets is wat jy vir my kan doen nie;
jou grootste passie was vir die belangrike dinge in die lewe
al het ek soms goedkoop bokswyn by jou gedrink,
het julle jul warm harte oopgemaak en my 'n tweede tuiste
in die gemeente gegee;
deur al die vuuroonde van beproewing
was jy bereid om saam met my daar te staan,
ons het wel soms gestry oor hoekom ons daar was,
maar jy was daar!

Daardie aand het ons op jou 'n heildronk gedrink, want niemand kan meer vra op sy vyftigste verjaardag nie, behalwe dat jy saam met my daar moes wees.

Vir jou is die lewe Christus, 'n lewe en liefde wat nog in ons almal voortleef, 'n lewe wat in Christus toegedraai is, deur sy krag en met sy liefde geleef is. 'n Lewe wat die mooi van die skepping kon indrink soos nagmaalwyn en jou verenig met God. Uiteindelik kon Jesus ook die gebrokenheid van jou liggaam in sy gebroke liggaam opneem en die wins van sy sterwe, jou wins maak.

Jy het gewaak en waggehou, mag die volgende nou vir jou waar word
Hond van God - Hewitt Visser (Vader Bonaventure Hinwood)

geen jaghond nie
net 'n troeteldier
wat heeldag op die aarde
om sy voete speel
met tussenin spronge
en albei voorpote op sy skoot
om die kalm hand op die hoof te voel
saans uitgeput die rus
op 'n bidmatjie voor die stoel